Deeglike Boedelbeplanning kan blink toekoms verseker

deur Schalk Burger, markontwikkelingsbestuurder (Agri) by Ou Mutual.

Tel: (021) 509-3475; sburger@oldmutual.com

Benjamin Franklin het eens gesê: "In die lewe is daar niks wat seker is nie, behalwe die dood en belasting."

As boer is jy dikwels so besig met die beplanning van jou boerdery-aktiwiteite dat jy maklik jou medium- tot langtermyn finansiële doelwitte uit die oog kan verloor. 'n Gestruktureerde aksieplan kan egter baie help om hierdie doelwitte te verwesenlik. Hoewel niemand van ons die dood kan uitstel of voorkom nie, kan behoorlike boedelbeplanning grootliks help om die uitwerking van die dood te versag. Boedelbeplanning beteken egter veel meer as net om boedelbelasting te spaar en 'n testament op te stel.

'n Doeltreffende boedelplan kan uitvoering gee aan die volgende: "Ek wil beheer uitoefen oor dit wat ek het terwyl ek nog lewe, dit gee aan wie ek wil, hoe ek wil en wanneer ek te sterwe kom."

Boedelbeplanning hou voorts verband met drie primêre aktiwiteite in ons lewens:

1. **Die skepping en opbou van jou welvaart.** Maw, om gedurende jou leeftyd bates in jou boedel op te bou, hetsy deur jou harde werk of beleggings. Dit sluit in voorsiening vir toekomstige behoeftes soos aftrede, jou kinders se studies, of dalk 'n buitelandse vakansiereis.

2. **Die bewaring van jou hardverdiende welvaart.** Dit is om te verseker dat jou bates vir toekomstige geslagte bewaar word, en nie deur onnodige boedelbelasting en koste by jou dood verminder word nie. Vra jouself af: "Indien ek môre sou sterf, sal my gesin hul huidige lewenstyl kan voortsit sonder finansiële probleme, of sal hulle gebuk gaan onder 'n swaar skuldlas?"

   Bewaring kan ook behels dat strukture soos trusts opgerig word – nie net om boedelbelasting te beperk nie, maar ook om bates teen krediteure te beskerm of te verhoed dat dit deur onervare begunstigdes verkwis word.

3. **Die verdeling van jou welvaart.** Om te verseker dat jou boedel volgens jou wense verdeel word. Dit beteken dat die erfgename wat jy wil bevoordeel, werklik kry wat jy vir hulle wil gee en dat jou boedel ordelik afgehandel word.

Onthou, jou testament is een van die belangrikste instrumente in jou totale boedelplan en kan selfs die mees uitvoerige boedelplan kan faal indien jy nie 'n doeltreffende en opgedateerde testament (nie ouer as twee jaar) het nie.

Jou testament kan voorts vertragings met die afhandeling van jou boedel verminder. Oorweeg die volgende:

- Benoem 'n eksekuteur in jou testament om jou skulde te vereffen asook om die opbrengs onder jou begunstigdes te verdeel.
- Bepaal dat jou eksekuteur nie sekuriteit hoef te verskaf om as eksekuteur op te tree nie.
- Indien jy minderjarige begunstigdes in jou testament benoem het, oorweeg 'n trust om hul erfenis te administreer totdat hulle 'n gestipuleerde ouderdom bereik.

'n Behoorlike boedelplan sal verseker dat:

- Daar na jou gesin se finansiële behoeftes omgesien word.
- Jou boedel vir toekomstige geslagte bewaar word.
- Jou boerdery oorgedra word aan diegene aan wie jy dit wil bemaak.
- Jou kinders wat nie plaaseiendom erf nie, kontantbemakings ontvang.
- Jou gesin nie meer boedelbelasting betaal as wat noodsaaklik is nie.

Boere word aangeraai aan om 'n boedelontleding te laat doen. Boere kan hulself ook die volgende vrae afvra:

- Is my boedel likied genoeg? (Sal my gesin bates moet verkoop om te oorleef?)
- Het ek voorsiening gemaak vir my aftrede/kinders se opleiding, ens.?
- Het ek 'n geldige testament wat uitvoering gee aan my huidige wense?
- Is daar wyses waarop ek my aanspreeklikheid vir boedelbelasting kan verminder?

Laastens, hou rekening met Boedelbelasting, Geskenke-belasting, Inkomstebelasting asook die uitwerking van Kapitaalwinsbelasting.

'Tis against some men's principle to pay interest, and seems against others' interest to pay the principle. **- Benjamin Franklin**